

**OEFENING VAN DIE WEEK:** Ontwerp 'n groeiplan vir die ritme(s) wat in die gesprek vir jou uitgestaan het. Whatsapp/email jou oefening na die groep toe en vra vir iemand in die groep of buite die groep om jou te bemoedig en te ondersteun. As jy bereid is om jou gemeente te help om missionale dissipelskap te bevorder laat weet jou leier sodat julle oor volgende stappe kan bid, droom en besin.

## Dissipelskap avonture - WEEKLIKSE GROEPSRITME

### Sessie 10 van 10: Refleksie, watter een (of twee ritmes) is tans my primêre uitnodiging?

I. Die fasiliteerder vir hierdie week vra die groep om die opening hardop saam te lees.



II. Nooi die groep om die volgende gebed elkeen hardop te bid (gee die keuse om te "skip"). Na die laaste persoon gebid het, gee die fasiliteerder drie minute vir stilgebed.

III. Nooi die groep om **slegs een** van die volgende vrae te beantwoord.

IV. In hierdie deel van ons ontmoeting reflekteer ons op die laaste nege weke se ervarings. Elke lid kies een van die volgende vrae om te bespreek.

Die fasiliteerder lees die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op watter **een** van die vrae hul graag wil reageer.

#### I. OPENING

Tydens hierdie leerervaring vergader ons om saam te onderskei en eksperimenteer wat dit beteken om as missionale dissipels gevorm en gestuur te word. God roep, versamel, vorm en stuur ons om deel te neem aan die avonture van die koninkryk. Ons glo elkeen in die groep het iets om by te dra, en dat die Heilige Gees reeds besig is met elke persoon. Hierdie is 'n spasie om te treur saam met die wat treur, en blydschap te deel met die wat blydschap ervaar. Ons glo ons rol is om opreg te luister, oop vrae te vra en mekaar te ondersteun en aan te moedig. Ons is toegewyd om aktief aan hierdie leerervaring deel te neem.

#### II. WORD TEN VOLLE TEENWOORDIG

Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid (een vir een hardop):

**Here, U is ons Drie-enige God - U nooi ons om as lewenslange dissipels U te volg en saam met ander dissipels die avonture van U koninkryk te soek.**

#### III. ONS LUISTER NA MEKAAR

- Wat is die volgende stap in jou dissipelskap reis?
- Wat was lewegewend in hierdie missionale dissipelskap reis?
- Waar het jy weerstand ervaar in hierdie missionale dissipelskap reis?

#### IV. ONS KYK TERUG

Wat was jou belewenis met die oefening van die week? Hoe het die daaglikse joernaal jou gehelp? As jy terug dink oor die agt ritmes, watter een was vir jou die aantreklikste uitnodiging? As jy dink oor die agt ritmes, watter een was vir jou die moeilikste? Wat het die Here in jou gedoen tydens hierdie reis? Hoe het jy die groeps gesprek se raamwerk ervaar? Watter 'tips' sal jy vir die leier/fasiliteerder wil gee?

**OEFENING VAN DIE WEEK:** Ontwerp 'n groeiplan vir die ritme(s) wat in die gesprek vir jou uitgestaan het.

Whatsapp/email jou oefening na die groep toe en vra vir iemand in die groep of buite die groep om jou te bemoedig en te ondersteun. As jy bereid is om jou gemeente te help om missionale dissipelskap te bevorder laat weet jou leier sodat julle oor volgende stappe kan bid, droom en besin.

V. Die fasiliteerder lees die skrifgedeelte hardop, laat 'n rukkie stilte toe na die voorlesing. Vra iemand anders om na die stilte die teks weer te lees. Breek dan die groep op in pare om te wandel in die Woord. Na 6 minute deel die groep wat hulle by hul vriendelike vreemdelik gehoor het in die groot groep. Lees dan Dallas Willard se parafrase van die teks.

VI. Die fasiliteerder lees die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan watter een / twee van die vrae uitstaan. Elke groepslid kry geleentheid om te sê watter vrae uitgestaan het. Elkeen van hierdie vrae is 'n kern vraag vir die missionale gewoontes en gee 'n leidraad vir die volgende stappe vir groei.

VII - VII.. Die fasiliteerder lees weer die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op watter een van die vrae hy/sy wil reageer. Vra die groep om notas te maak oor hul mede groepslede se antwoorde sodat hul ondersteuning in die week kan gee.

VIII. Die fasiliteerder verduidelik die Oefening bo aan die bladsy. Daarna sluit ons af met die seëngebed.

## V. ONS LEES EN LUISTER SAAM (Wandel in die Woord)

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20

Watter gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?

*"I have been given say over all things in heaven and in the earth. As you go, therefore, make disciples of all kinds of people, submerge them in Trinitarian Presence, and show them how to do everything I have commanded. And now look: I am with you every minute until the job's done."*

## VI. RITME VRAE (deel die Ritme opsomming na die gesprek uit)

- Wat is jou huidige beeld van God en jouself?
- Hoe skakel jy in hierdie seisoen van jou lewe in by God?
- Wie is jou reisgenote op hierdie dissipelskap avontuur?
- Wat is jou unieke bydrae? Hoe is jy 'n geskenk vir die mense rondom jou?
- Hoe kan jy saam met God en sy mense jou gemeenskap transformeer?
- Hoe kan jy jou geld, tyd en werk in ritme met die koninkryk bring?
- Wie kan ek insluit en hoe kan ek 'n vredemaker wees?
- In watter area(s) van my lewe begeer ek heelheid?

## VII. ONS KYK VORENTOE

Elke groepslid kry geleentheid om die volgende sin the voltooi: As ek terugkyk op hierdie dissipelskap avontuur ervaar ek dat God my uitnooi om \_\_\_\_\_.

## VIII. OEFENING EN SEËN GEBED

Mag die Here jou help om die volgende stap op jou dissipelskap reis te gee en mag die Here ons gemeente help om verder te groei in die vorming van missionale dissipels. Tot eer van God se naam. Amen.